

## Statebond-beurs vir Matiestudent



Met onderskeidings in sy voorgraadse en honneursgrade is Matie-student Riaan Visagie op pad na Londen om nog 'n kwalifikasie by sy lys van prestasies te voeg.

Riaan wat 'n Statebond-beurs ontvang het, is aanvaar om by King's College in Londen vir 'n meestergraad in Intelligensie en Internasionale Veiligheid te studeer. Hy gaan vir 'n jaar by dié elite instelling, deel van die goue driehoek van universiteite in die stede van Cambridge, Londen en Oxford, studeer.

Riaan, wat sy BA Internasionale Studies (2013) en BA Honneurs Internasionale Studies (2014) *cum laude* voltooi het, is die enigste student van die Universiteit Stellenbosch (US) wat die beurs vanjaar ontvang. Die beurs wat aan student van "hoë akademiese gehalte" in ontwikkelende Statebondlande toegeken word, maak voorsiening vir voltydse meesters- en PhD-studies aan 'n instelling in die Verenigde Koninkryk. Die US is genooi om agt studente te nomineer in 'n proses wat deur die Nagraadse en Internasionale Befondsingskantoor gefasiliteer is.

"Daar is geen manier dat ek of my ma die kostes verbonde aan 'n oorsese universiteit sou kon dra nie," sê Riaan, wat ook nou besig is om sy meestersgraad in Politieke Wetenskap aan die US te voltooi. "Die beurs bied my 'n gulde geleentheid om te spesialiseer in my studierigting en terselfdetyd 'n ruskans vir my ma se beursie na amper vyf jaar van studiegeld."

Met twee grade op sy kerfstok en nog twee om te gaan, sê Riaan deursettingsvermoë en 'n passie vir sy studies is sy wenresep.

"Voordat universiteit toe gekom het, het ek geensins op enige vlak presteer nie, nie in sport, kultuur of akademie nie. Ek onthou nog goed hoe ek in die eerste paar maande van eerstejaar wees, oortuig was dat ek 'n groot fout gemaak het om tersiêre onderwys na te jaag. As 'n deurlopende onderpresteerder het ek glad nie verwag dat ek enigsins iets merkwaardig op universiteit sou kon bereik nie."

"Deur 'n passie vir my studiewerk was ek goed gemotiveerd om met elke opdrag, toets of eksamen net daardie bietjie ekstra in te sit, en soos ek daarmee aangehou het het my punte dienooreenkomstig aanhou styg. My eerste vak-onderskeiding was 'n waterskeiding, en toe ek eers sukses proe, was ek vasbeslote om dit in alles wat ek by die universiteit doen na te streef."

Riaan begin sy studies by King's College in September en ruil dan die Kaapse winter vir 'n Engelse herfs.

"Ek sien baie uit na die Engelse winters, lang koue aande en sneeu so dan en wan. Verder weet ek ek gaan die teaters terdeë geniet, en met 'n stad so propvol geskiedenis en kultuur gaan ek 'n besige tyd hê. Ek hoop ook om tydens die kort vakansies uit die stad te glip en die res van die land te gaan fynkam," sê hy.

Outeur: Amanda Tongha